# GEMEENTEBULLETIN

30 JUNIE TOT 7 JULIE 2023

## SONDAG 2 JULIE 2023

Eredienste is ook aanlyn op www.stellenberg.co.za of op YouTube.

**Oggenddiens 09:00 in die kerk | Jer. 28:5-9 | Ds. Breytenbach 4**

## EREDIENSTE TYDENS SKOOLVAKANSIE

9 Julie | Oggenddiens 09:00 in die kerk | Sag. 9:9-12 | Ds. Schoombie 1

16 Julie | Oggenddiens 09:00 in die kerk | Gen. 25:19-34 | Ds. Potgieter 2

## MANNEKAMP | 21 TOT 23 JULIE

Jy word hartlik uitgenooi na ons mannekamp aangebied by die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum in Wellington. Kontak asseblief vir ds. Johan Visser by johan@stellenberg.co.za of 072 603 3205 indien jy wil saamgaan.

## 'N VROUEOGGEND OP VROUEDAG

Ons nooi alle vrouens en meisies om aan te sluit by ons vroueoggend wat op 9 Augustus (Vrouedag) om 09:30 in die markplein aangebied word. Kaartjies teen R200 elk sluit ontbyt, sap, tee en koffie in. Gasspreker: Alicia Buckle, eienaar van 'n bekende grimeerskool in die Paarl. Gaskunstenaars: Die Edna's. Kaartjies te koop by Charlotte, 021 976 4519/charlotte@stellenberg.co.za.

## UITREIKE 2023

Die Calitzdorp-uitreik het op 1 Julie vertrek en sal weer DV op 6 Julie terugkeer. Ons is dankbaar vir die twee suksesvolle uitreike wat in Beaufort-Wes en Leeu-Gamka voltooi is. Doen asb. voorbidding vir die laaste uitreikspan sodat uitreikers veilig sal ry en gesond sal bly sodat hulle gemeenskappe met oorgawe kan dien.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFER

Geen deuroffers tydens langnaweke en skool-vakansies.

### SNAPSCAN VIR DANKOFFERS

## VATVYF

Ons volgende uitstappie is op Woensdag 19 Julie wanneer ons die argief van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch besoek. Die uitstappie is gratis. Bespreek jou plek voor 10 Julie by Charlotte, 021 976 4519.

## KOS-EN-KLEREPROJEK

Daar is 'n dringende behoefte aan komberse en wintersklere asook bydraes van niebederfbare kos vir die kosprojek. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af, of plaas dit in die mandjies in die voorportaal van die kerk. Finansiële bydraes: ABSA-tjekrekening
145 058 0011, takkode 632005. Verwysing KOSPROJEK.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Skandeer die ondertaande QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening
145 058 0011,
takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### BREIGROEP

Ons ontmoet weer op 3 Julie om 09:30 in die markplein.

### LERAARS AAN DIENS TYDENS DIE VAKANSIE

**3 tot 9 Julie:**
Ds. Johan Visser

**10 tot 15 Julie:**
Ds. Marius Breytenbach

**16 tot 18 Julie:**
Beplanningsessie vir leraars

### MICHANGE-KOEPONNE

Maak 'n verskil in iemand se lewe deur 'n Michange-koepon @ R50 by die kerkkantoor te koop en aan 'n hawelose persoon te skenk. Met dié koepon kan die ontvanger 'n ete, 'n warm stort, slaapplek en berading by enige MES-sentrum ontvang.